

**Saterdag 18 April**

**Skrifgedeelte: Matteus 10:26-33**

**Fokusgedeelte: Matteus 10:29**

### **Moenie bang wees, God sal sorg**

Iemand wat Jesus Christus daadwerklik dien, beleef die volgende:

*Openlik oor jou geloof* – Eerstens: Jesus beklemtoon dat gelowiges hulle nie skaam vir hulle verbintenis aan die Here nie (vs 26, 27, 32). Navolgers van Jesus is nie geheimsinnig oor wat hulle glo nie. Jesus maak dit duidelik dat ons dit wat ons gehoor het, openlik moet bekendmaak (Matt. 5:13-16). Jy moet jou kleure wys. Jy moet die Here dien en navolg. Dit vereis totale selfverloëning.

*Beskerming* – Wanneer mens toegewyd aan Jesus leef, kan jy egter getroos wees: jy leef onder die beskerming van die Vader. Daarom moet Christene vir niemand bang wees nie. Ons vrees nie die dood of dreigemente en aksies van vyandiggesinde mense nie. Hulle kan die lewe wat God gegee het, nie wegneem nie. Ons vrees vir vervolging en bespottings omdat ons met 'n eendimensionele werklikheid werk. Ons dink dat hierdie werklikheid die enigste is. Ons dink dat as ons ons lewe, waardigheid, reputasie, werk of gewildheid ter wille van Christus verloor, dit die einde is. Dit is nie. As ons egter doelbewus kies om eerder na onself as na sy Naam om te sien, is dit wel die einde. Die keuse vir of teen Jesus is 'n saak om lewe en dood – ewige lewe en ewige dood. Ons eer en aanvaar die gesag van Hom wat mag oor ewige lewe en dood het. Daarom bly ons getrou aan ons roeping.

Wanneer ons ons lewe vir Christus verloor, sê ons teks, is ons Vader by ons (10:29). Die NAV het ongelukkig gekies om in 10:29 woorde in te voeg (in hakies aangedui) wat nie in die oorspronklike teks staan nie: *“En tog sal nie een van hulle op die grond val sonder (die wil van) julle Vader nie.”* Daar is 'n wêreld se verskil tussen hierdie twee vertalings. *“God wil nie dat die mossie val nie”* versus: *“God is daar as die mossie val.”* Die laaste is die korrekte vertaling. God is dus daar wanneer sy mense ter wille van die evangelie ly.

Die woord van die troostende en sorgende aanwesigheid van God gee aan die woorde *“nie sonder julle Vader”* 'n heel ander betekenis as die grieselrige *“God wil dit so”*.

*Sing: Skrifberyming 3-4:1-5*

*Ds. JD Potgieter (Dreyer) (Meyerspark)*